

Donderdag 22 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:20-22

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:22

Ryke seëninge deur die geloof

Die gawe van 'n nageslag soos die sterre van die hemele en die sand van die see is een van die wonderlike beloftes van die Here aan Abraham. In die volgende voorbeeld van 'n lewe in en deur die geloof word die fokus ingestel op die seëninge wat deur die geloof vir Isak, Jakob en Josef toebedeel word.

Om hulle te seën, beteken dat die guns en die goedheid van die Here aan die kinders toegewens word. In die vroeë geskiedenis van die aartsvaders was dit gebruiklik dat die seën saam met die erfposie aan die kinders toegedeel is. Die oudste kinders het gewoonlik die dubbele deel van die seën ontvang. Hierin was die groot genade duidelik, want die seëninge wat die Here aan die ouers gegee het, word verder aan hulle kinders oorgedra.

Die seëninge wat die Here aan Abraham belowe het, het voortgegaan na Isak en van Isak na Jakob en Esau. Jakob het dit nie verdien nie, en Esau het dit geminag, maar tog is dit die weg waarlangs die Here dit aan sy volk gegee het. Van Jakob is die seëninge biddend vir die kinders van Josef gegee, en Josef het vasgegryp aan die seëninge met die bevel dat sy beendere in die Beloofde Land, die land van die seëninge, begrawe moet word.

Deur die versoeningswerk van Christus het ons die grootste seën van ons Vader ontvang, maar nou kan ons as ouers ook ons kinders seën. Tog kan hierdie seën net langs die weg van die geloof na ons kinders oorgedra word. Deur die geloof kan ons vasgryp aan die seën van God se versorging en beskikking in ons lewe, terwyl ons kinders die getuienis van ons geloof kan sien. So is dit ook vir hulle tot 'n ryke seën.

Sing: Psalm 78:1, 4 (1936)

Ds. Christiaan Jooste (Waterberg)